# 'N ONTLEDING VAN DIE PREDIKING IN DIE NUWE TESTAMENT MET DIE OOG OP DIE OPBOU VAN DIE KERK AS MISSIONÊRE PROBLEEM

Daar het, t.o.v. die Sendingwetenskap as geheel, sowel binne as buite Suid-Afrika veel besinning plaasgevind.

Of dit so sal bly, ook in die besinning t.o.v. die opbou van die jong kerke (en dan juis in die praktiese uitvoering van die bediening van die Woord), sal afhang van die sukses waarmee die waarskuwing van O. Michel[1] in die toekoms ter harte geneem sal word: „Ware teologie is 'n stryd teen teologisering, abstrahering, teoretisering en teen die poging om die ware Bybelse en historiese motief te vervang deur 'n filosofiese transformasie ... ons is tans behep met vereenvoudigings, terwyl die Bybel nederige eenvoud verkondig".

In die lig van die bostaande bied ek my referaat aan. Die toetsing van die waarheid daarvan moet in dieselfde gees geskied, anders mis dit sy doel.

## 1. Die opbou van die gemeente as eerste oogmerk van die nadoopse prediking

### 1.1. *Die voordoopse prediking as stigtende en grondleggende prediking*

Die derde fase van die geskiedenis begin met die koms van Jesus Christus. „With Him the Kingdom of God pushes its way through: the last phase, the end of days has come. In Him is manifested the ultimate intention of God with Israel and with the world. He will bear the judgement Himself and open the way to salvation for all" (Jer. 31 : 31—34 in universele sin).[2] „The 'last of days', thus becomes a new beginning".[3] Hierdie „nuwe begin" ontleen nie sy merkwaardigheid aan 'n filosofiese denksisteem nie maar aan die historiese gebeurtenisse in terme waarvan die koninkryk van God in Jesus Christus gekom het, nl. sy geboorte, optrede, prediking (in woorde en dade), sy kruislyde, opstanding en hemelvaart.[4]

Hierdie „nuwe begin" word verder gekenmerk deur die besondere opdrag van Jesus aan sy apostels in Matt. 28 : 18—20, nl. om *nou,* ná sy oorwinning oor die dood en die magte van die duisternis, heen te gaan, dissipels van al die nasies te maak, te doop *en te leer.* „It is a striking peculiarity that both the synoptic Gospels and the Gospel of John culminate in the pronouncement of the ressurrection and the call to mission emerging from it ..."[5] Die opdrag van die apostels om „heen te gaan ...", sowel as hulle werksaamheid t.w.v. die Evangelie van die koninkryk, verkry 'n spesifieke karakter en inhoud a.g.v. die uitdruklike verband met die heilsfeit van die opstanding van Jesus Christus: „... the command to mission is nothing but the proclamation of the exaltation which has taken place, the secret of the Lordship of Jesus is hidden in the promise as well ..."[6]

In die „derde fase" van die geskiedenis waarin „'n nuwe begin" vir Israel aangekondig word op grond van die opstanding en troonbestyging van Jesus Christus, gaan dit dus om die spesifieke karakter en inhoud van die Nieu-Testamentiese Godsopenbaring, sowel as om „de wijze waarop zij tot ons is gekomen . . ." [7]

H. N. Ridderbos gaan nou verder en sê dat die eerste omskrywing wat vir die bepaling van die aard van die Nieu-Testamentiese oorlewering in aanmerking kom, wel dié is van die kerygma, in die sin van heilsproklamasie en -aankondiging.[8] Daar is 'n kerygma in ruimer sin en 'n kerygma in enger sin in die openbaring van die Nuwe Testament wat handel oor die koninkryk van God en sy koms.

Die kerygma in ruimer sin tipeer die totale openbaring aangaande die koninkryk in die Nuwe Testament en is wat Ridderbos noem „wel die meest typerende omschrijving . . . van de qualitatieve inhoud van het Nieuwe Testament, althans naar zijn primaire zin en betekenis".[9] Dit hou verband met „the proclamation of the exaltation which has taken place . . ." [10]

Daar is ook 'n kerygma in enger sin. Dit tipeer die spesifieke apostoliese werksaamheid vóór die doop (vgl. Matt. 28 : 19) en dan veral m.b.t. die prediking. „Vir die tyd na Pinkster bring die (uit die Engels vertaalde) werk van C. H. Dodd *De Apostolische prediking en haar Ontwikkelingsgang* (Nijkerk) op 'n spoor. Hier word in meer as een opsig die belangrike onderskeiding gemaak, nl. (1) stigtings- of grondleggende prediking (kerygma[11]) en (2) stigtelike of opbouende prediking (didaskalia)" [12] Die kerygma in enger sin „is die betekenis van die bekende samevatting van die Evangelie, Rom. 1 : 1—3; 10 : 9; 1 Kor. 11 : 23—25; 15 : 3—7; Fil. 2 : 6—11 en die „betroubare woorde" in Tim. enTit. . . ." [13]

In die woorde kerygma en kerryssein gaan dit „althans in die zin waarin het voor de Christelijke verkondiging gebruikt wordt, om die aankondiging, de proclamatie van het nieuwe en opzienbarende . . .",[14] (vgl. Mark. 1 : 4; Matt. 3 : 1; Luk. 3 : 3, en dan veral van Jesus self: Mark. 1 : 38; Luk. 4 : 18, 19; Matt. 4 : 17, en dan eindelik ook dié van die apostels: Matt. 10 : 7, 27; 24 : 14; Luk. 9 : 2; Hand. 10 : 42; 1 Kor. 15 : 12.

Hierdie kerygma in enger sin is eerste (aanvanklike, stigtings-) prediking en in wese heilsaankondiging (of oordeelsaankondiging soos by Johannes die Doper, Matt. 3 : 1 v.v.) soos dit in de heilsfeite van die Nuwe Testament rus. Hierdie prediking (wat dus ook, en dan veral, prediking van Jesus se Koningskap is) bring die vraag van sondebesef na vore.[15] Dit stel ook die regte orde van die heilsweg duidelik, nl. dat nie sondebesef die heiden tot kennis van Christus as Koning bring nie maar dat Christus, as Koning, 'n mens tot besef van jou sondes bring. „Kennis van eie sonde is nie 'n voorwaarde om tot Christus te mag kom nie. Besef van eie sonde is nie 'n noodsaaklike vereiste om Christus te aanvaar nie, maar omgekeerd: deurdat 'n mens tot Christus kom, sal hy tot besef van sy sondes kom".[16]

Die kerygma kry besondere betekenis en nadruk deur die wonderlike visvangs by Genesareth (Matt. 4; Luk. 5) en by Tiberias (Joh. 21 : 3).

1.2. *Gevolgtrekkings*

Met besondere verwysing na die prediking is dit die eerste taak van Jesus (en later van die apostels) om Israel, die ware Godsvolk,[17] tot geloof in Hom te roep.

Die roep is 'n oproep tot aanvaarding van die opsienbarende heilsgebeurtenisse wat met die koms van Christus en die koninkryk gepaard gegaan het.

Dit is ook 'n inroep: hulle word ingebring soos die vissers die visse insamel deur middel van die nette.[18]

Dit is ook 'n uitroep, ja, selfs in die eerste plek 'n uitroep van die herout (soos die Doper en daarna, in navolging van hom, deur Jesus self) dat die tyd van vervulling van die Ou-Testamentiese belofte daar is (vgl. Jes. 40—66; Ex. 12 : 3).

Markus verhaal dat Johannes „die doop van bekering tot vergifnis van sondes" verkondig (keryssein) het (vgl. ook Matt. 3 : 2) soos „die stem van een wat roep in die woestyn" (Jes. 40 : 3).

Deur hierdie aanvanklike aankondiging van die gekome koninkryk, met die daaropvolgende oproep van die volk tot bekering, na die betekenisvolle uitroep van die heilsproklamasie in Christus, stel Jesus die volk voor 'n voldonge feit. Die koninkryk is nou daar, en dit is daar in Hom wat die aankondiging maak (Joh. 1 : 29; Ex. 12 : 3), 'n feit waarmee net een van twee dinge gedoen kan word: dit kan òf geglo word òf verwerp word (d.w.s. nie geglo nie).

Hierdie aanvanklike, grondleggende, kerygmatiese aankondiging van die „in-die-nuwe-tyd-vervulde" belofte bring dus 'n krisis in die volk tot stand wat meebring dat gelowiges en ongelowiges geskei word (Luk. 4 : 28, 29; Matt. 4 : 13; 12 : 13, 14). Die doop is die daad waarmee dit voltrek word.

So kom die ware Israel tot stand deur die werking van die prediking. Hulle is fundamenteel en eerstens gelowiges, niks meer en niks minder nie, ongeag wat hulle lewe voorheen was.

Dieselfde stigtings- of aanvangskarakter van die prediking wat ons „het duidelijkst terug (vinden) in de evangelieën . . ." [19] tref ons ook aan in die Handelinge van die Apostels: „Het boek verhaalt het vervolg van hetgeen Jesus is begonnen te doen en te leer (Hand. 1 : 1), en bevat eigenlijk het kerygma van de hemelsche Acta Christi . . ." [20] (vgl. Hand. 2 : 16, 23, 36, 38—40; 17 : 24, 29, 30, 31; 18 : 1—6).

Die kerygma het in die boek Handelinge 'n nuwe stroomversnelling deurgaan (of nadruk ontvang) met as doel die stigting van (nou) spesifiek die kerk. Ons verwys hier na G. Voetius se waardeskatting van die plantatio ecclesiae. Dit gebeur alleen wanneer die kerygma (as aanvanklike prediking) tot die maak van dissipels met die doop (as verseëling van die Verbond) reg gebring word in navolging van Jesus en die apostels.

Die kerygmatiese aard van die prediking aangaande die heilsopenbaring van God in die Nuwe Testament is nie volledig begryp en uitgeput in daardie verkondiging wanneer met die aanvanklike

en kerkstigtende heilsaankondiging (tot en met die doop) volstaan word nie.[20a]

1.3. *Die nadoopse prediking as stigtelike en opbouende prediking*

Dit moet voortgesit word in die stigtelike of opbouende prediking[21] wat ons dan kan tipeer as nadoopse prediking. Hierdie voortgesette prediking word in die Nuwe Testament aangedui as *didaskalies* (Matt. 5 : 1; vgl. Matt. 28 : 19 — „en *leer* hulle . . .", m.v.n. Ridderbos).[22]

Die voortgesette prediking, as gemeentebouende prediking, rus op die fondament van die kerygmatiese (in enger sin) prediking waarin die fondament gelê is waarop nou gebou gaan word.

Die didaskalia is eerstens 'n uitbreiding van die kerygmatiese deur die opstanding van Jesus uit die dood en direk as gevolg daarvan, ook 'n verdieping van die kerygmatiese soos ons later sal aantoon. So word die kerk gebou op die fondament van die „nuwe" (alleen in die geloof aanvaarbare) wonderbaarlike feit van die opstanding as vervulling van die belofte aangaande die gekome en komende Koning in die persoon van Jesus Christus.[23] Die inhoud van die didaskalia, veral soos aangetref in die Sendbriewe, as voortgesette of kerkbouende prediking (nader gekwalifiseer as onderrigtende prediking) „was stellig dezelfde als van de missionaire boodschap. Maar de gelovigen kende de boodschap reeds . . . Het is daarom . . . dat de prediking tot de gemeente mede een rappel, een indachtigmaken geweest is dan een proclamatie".[24]

## 2. Die voortgesette prediking van die apostels aangedui in die lig van Jesus se voortgesette prediking

Die term *„voortgesette" prediking* is die prediking van die apostels e.a. as voortsetting van die prediking van die Here Jesus self. Maar daarin gaan die prediking van Jesus van 'n vorige vorm of stadium self voort. Dit is wat Christus „voortsit" om te doen en te leer na sy hemelvaart. So gesien, is die boek Handelinge die Acta Christi as verhoogde Verlosser deur gebruik te maak van mense as instrumente. „Voortgang" in Openbarings-historiese lyn is beweging deur die Heilige Gees as predikant van Christus. Dit veronderstel „begin" („aanvanklike" en „voortgesette") sowel as „afsluitende" (voleindigende) prediking. Die begrip „voortgesette prediking" word letterlik met apostoliese gesag gebruik in die opbou en heiliging van die gelowiges, nl. om nie te „bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar *voort te gaan* na die volmaaktheid sonder om weer die fondament te lê . . ." (Hebr. 6 : 1, 2; vgl. Hebr. 5 : 12—14).[25]

## 3. Jesus se voortgesette prediking

3.1. *Voorbeelde:*

Die Bergrede (Matt. 5—7; Luk. 6 : 17 v.v.).[26] Die Gelykenisse,

Matt. 13 tot waar dit oorgaan in die gelykenisse waarin Jesus sy marturion (lydensgetuienis) gee, soos bv. in die profetiese redene by Matthéüs, sy selfopenbaring vanaf Joh. 5 : 16 en sy laaste woorde aan sy dissipels, Joh. 14—17.

3.2. *Die prediker:*

Ons leer Hom ken as leraar en profeet wat met gesag leer en daarom verskil van die Fariseërs en Skrifgeleerdes „want hulle praat en doen nie" (Matt. 23 : 3). Ons ken Hom as priester wat in sy eenwording met ons op enige wyse medelyde kan hê, soveel so dat Hy as priesterlike gestalte nog kon bid vir die wat Hom gekruisig het.

3.3. *Die inhoud:*

Die koninkryk en sy geregtigheid (Bergrede); die koninkryk en sy verborgenheid (Gelykenisse). Die onderrig handel eerstens oor wat die koninkryk is en wat dit meebring in opvolging van die „eerste" prediking wat aankondig dat dit waar is. Dit word enersyds geleer as toesegging aan hulle aan wie dit as erfdeel beloof was,[27] d.w.s. aan die erfgename van die belofte. Andersyds word dit geleer as eis van geregtigheid wat slegs deur gehoorsame erfgename beërwe kan word (aktief).[28] In sy didaskalia laat Jesus die nadruk val op die gehoorsaamheid, d.i. die doen van die wil van die Vader (vgl. ook Matt. 16 : 24—27)[29] en dan só dat die gehoorsaamheid voorafgaan aan die kennis van die koninkryk — die *doen* gaan aan die *leer* vooraf.

3.4. *Die aard van die voortgesette prediking*

Eerstens gaan dit na die dissipels (Matt. 5 : 1) in engere sin en dan ook aan dissipels in breëre sin (Luk. 4 : 42; Joh. 6 : 69), d.w.s. aan hulle wat reeds deur die eerste geloofskrisis gegaan het en hulle as gelowiges deur die doop by Jesus aangesluit het.

Daar is egter ook 'n ander kant van die saak. Dit is die geskiedenis van hulle wat in die kerygmatiese krisis die pad van die ongeloof bewandel het, soos bv. Jesus se broers (Joh. 7 : 3—5). Dit was ook per slot van sake die pad van Judas „wat vir homself moes toesien". Die kerygmatiese verkondiging het so afgestuur op 'n krisis (gerig) m.b.t. die skeiding tussen geloof en ongeloof in die menigte.[30] *Net so bewerk die voortgesette prediking 'n tweede krisis wat gerig is op die skeiding tussen gehoorsames en ongehoorsames,* d.i. die doen van die wil van die Vader of die weiering om dit te doen (Matt. 12 : 5; Luk. 14 : 25—35; Mark. 3 : 31—35; Joh. 6 : 16; 6 : 60, 66 en 67). Na die tweede krisis kry ons die openlike verwerping van Jesus deur almal, vriend en vyand, bloedverwant en volksgenoot, *behalwe die apostoliese res* (Joh. 6 : 68).

Ons kry in hierdie verwerping die opvallende verskynsel dat die verwerpers uit die geledere van die volksleiers hulleself „regverdig" deur hulle op hulle status onder die volk te beroep (Joh. 11 : 48),

en ook dat daar 'n vrees by die gewone lede van die volk ontstaan as gevolg hiervan, wat veroorsaak dat hulle Jesus nog verder verlaat en vermy (Joh. 7 : 13). Hier word die tradisie van die volk gekies bo die gehoorsaamheid aan die wil van God en sy Openbaring in Jesus Christus.[31]

Hierna sit Jesus sy onderrigtende prediking voort waarin Hy slegs tot die twaalf spreek, alhoewel die enkeles buite die dissipelkring, wat Hom nog volg, dit uit gehoorsaamheid doen (Mark. 12 : 12). Nou kom die tyd waarin die Here se prediking oorgaan in sy *marturion,* sy lydensaankondiginge en -prediking. Die dieper openbaring van die koninkryk en sy koms word hier verlig, nl. as versoening enersyds en as voorbeeld vir navolging andersyds (Joh. 13 — die voetwassing). Dan volg die „reisverhaal" van Lukas waar ons die Here aantref buite Palestina, in Perea, Dekapolis, ens. tot en met die laaste Paasfees.

## 4. Die voortgesette prediking van die apostels (in opvolging van Jesus)

Net soos in die geval van die stigtende prediking van die apostels, gaan hulle nie voort met die voortgesette prediking direk na (en met as aansluiting aan) die sendingbevel nie. Hulle sluit aan by Pinkster met die belofte van die Vader daaragter. Dit is die toerustende en bekragtende vervulling met die Heilige Gees (Hand. 1 : 4, 8).

Hulle het die volk geleer en in Jesus die opstanding uit die dode verkondig (Hand. 4 : 2). Hulle het nie opgehou om elke dag in die tempel en van huis tot huis te leer nie, en die evangelie (te) verkondig dat Jesus die Christus is (Hand. 5 : 42).

Daar kom nou ook sprake van prediking in die vorm van onderrig met, as inhoud, die gehoorsaamheid en deelgenootskap aan Christus (Hand. 5 : 32; 8 : 13, 20—23). Ons lees nou van *die opbou van die gemeente „wat wandel in die vrese van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees"* (Hand. 9 : 31).

Daar kom nou sprake van prediking waarby nuwe elemente gevoeg is. In Hand 20 : 32 en 26 : 18 is daar sekere elemente wat die opbou van die kerk nader bepaal, nl. dat dit God is wat opbou *en* aan die gelowiges „'n erfdeel gee onder die geheiligdes".

In die lig van 1 Tim. 1 : 10; 2 Tim. 4 : 3 en Tit. 1 : 9 wil dit voorkom asof ons nou 'n meer omlynde („onder formulering gebragte" — Pop) onderrig kry en dat die stigtelike prediking die opbou van die gemeente moet dien om die suiwere leer aangaande Christus (Fil. 3 : 8—11) en die beproewing van die volmaakte wil van God (Rom. 12 : 2) te dien.

Dit is vir my opvallend dat Paulus in sy sendbrief aan Efese, wat veral die opbou van die gemeente ontvou[32] en die „toerusting van die heiliges vir hulle dienswerk" tot doel het, telkens na dieselfde formuleringe terugkeer wat hy in Hand. 20 : 32 en 26 : 28 gebruik het in sy onderrig, nl. die van *die erfdeel onder (van) die heiliges,* wat: ontvang is van God, 1 : 3; ontvang is in Jesus Christus, 1 : 11;

bewaar word deur die Heilige Gees, 1 : 13—18; nie deur die besnydenis ontvang word nie, 2 : 11, 12; deur barmhartigheid geskenk is, 2 : 4, 6; wat in gemeenskap bewaar moet word, 2 : 19; waardeur hy sy hele bediening (voor en na die doop) verklaar, 3 : 1—3; wat geopenbaar word deur die Heilige Gees, 3 : 5; as uitdrukking van die fondament waarop die twee groot pilare van die kerk (nl. Jodendom en heidendom) staan, 3 : 6; t.w. waarvan hy in hfst. 3 : 14—21 oorgaan daartoe om sy knieë te buig voor God en die Vader van onse Here Jesus Christus, sodat... hulle almal vervul mag word tot al die volheid van God (wat m.i. ook die einddoel van die opbou van die gemeente is).

*Ek wil dan met alle stelligheid beweer dat ons hier met die mees uitdruklike stigtelike en opbouende (voortgesette) prediking te doen het en waarmee volwassenheid, volmaaktheid (Hebr. 6 : 1, 2) en geestelike rypheid (1 Kor. 13 : 10—12) in mate van oorvloed aan die gemeente gegee word (Kol. 1 : 7) !*

## 5. Jesus en die apostels se marturion (lydensprediking) kortliks aangedui as afsluitende fase van die voortgesette prediking

5.1. *Die inhoud van Jesus se marturion:*

In opvolging van die kerygmatiese fase en in onderskeiding van die kerygmatiese aard van Jesus se prediking, kry ons die voortgesette fase met 'n duidelike didaskaliese (lerende) karakter.

Waar dit in die eerste plek gegaan het om die krisis tussen geloof en ongeloof te bewerk (met die doop as onderskeidingsteken en snypunt, volgens Floor, hierbo aangehaal), gaan dit in die tweede plek om die gerigswerkende onderskeiding tussen gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid t.o.v. die doen van die wil van die Vader).

Duidelike gegewens wys daarop dat Jesus se voortgesette prediking (en later ook die voortgesette prediking van die apostels tot opbou van die gemeentes) tot 'n definitiewe afsluiting gevoer is.

Voordat ons by die werklike inhoud van die marturion kom, sal dit goed wees om aan te dui wanneer hierdie laaste fase van sy prediking min of meer 'n aanvang geneem het. Dit kom na vore veral as 'n wending in die prediking van Jesus ná die verheerliking op die berg (Matt. 16 : 21). Dit word duideliker verstaan as wending juis ná die tweede krisis soos dit voorkom in Matt. 12 : 14[33] waar Jesus en sy lerende prediking verwerp word deur die leidsliede wie se politieke veiligheid daardeur in gedrang gekom het.

Ons noem as voorbeeld Joh. 5 : 16 (vgl. Mark. 3 : 31—35) waar Jesus en sy prediking verwerp is deur die volk — waar die wondergeloofskip strand op die „rots van struikeling" (1 Petr. 2 : 7, 8). Ook dien as verwysings Joh. 6 : 60, 66, 67 waar die „dissipels" in breëre sin en dissipels in naam Jesus verlaat — waar die historiese geloof in die oordeel van die ongehoorsaamheid onder gaan (vgl. 1 Petr. 2 : 7, 8). Kyk ook na Joh. 7 : 3, 5, 7 toe Jesus se broers na die vlees Hom verlaat het — waar die natuurlike, „seelische" geloof hom erger aan die getuienis, „dat sy werke boos is".

Hierdie wending in Jesus se prediking kom dus veral sterk na vore ná die tweede krisis i.v.m. die gehoorsaamheid wat uitkom in die doen van wat Hy geleer het, soos Hy geleer het wat Hy gedoen het (Hand. 1 : 1; Matt. 23 : 3), en toe die koninkryk die erfdeel geword het „van die gehoorsames" (Matt. 21 : 43).[34]

Dit wil nie sê dat Jesus nie weer teruggegryp het op sy eerste en tweede prediking, of dat die ooreenkomstige krisis hulle nie weer herhaal het nie (vgl. Joh. 10 : 25). *Maar van nou af kom „die uur" in sig* (Joh. 12 : 27, vgl. 7 : 8).

Wat *die inhoud* van Jesus se afsluitende (teenoor aanvanklike en voortgesette) prediking (nou respektiewelik aangedui as „getuienis" teenoor „aankondiging" en[35] „onderrig" aanbetref, die volgende: Dit is getuienis met die oog op die komende oordeel *(marter, marturion)* en daarom lydensgetuienis.

Die wending tot hierdie getuienis waarmee Jesus sy aardse optrede afsluit, kom na 'n duidelike verwerping wat vervolging tot gevolg het en lei tot 'n *derde en finale krisis*, nl. dié in die kring van die twaalf toe Judas homself as vyand van die kruis (vgl. Fil. 3 : 18) openbaar en homself om die lewe gebring het.

In aansluiting by die gebruik van die Loofhuttefees, nl. om water uit te giet as herdenking van die historiese gebeurtenis van die water uit die rots in die woestyn, getuig Jesus vir die owerspelige vrou (Joh. 8), nl. dat deur sy dood en opstanding die uitnemende gawe van die Nuwe Verbond in die Heilige Gees tot ons kom (Jes. 43 : 18—21). Slegs deur die vervulling van die profesie van die „uitgieting" van Jesus sou die volheid van God kon kom. In aansluiting by die tweede plegtigheid van die fees, nl. die aansteek van die kandelaars (herdenking van die vuurkolom in die woestyn), word Hy vir die blindgeborene 'n lig (Joh. 9 : 4, 5; 8 : 12).

Net soos daar voortgang in die prediking van Jesus is vanuit sy onderrig na sy getuienis, net so is daar groei in die getuienis self, bv. vanaf Joh. 6 oor die meer uitdruklike hoofstuk 10 (die Goeie Herder wat sy lewe aflê vir sy skape), na hoofstuk 12 waar Hy Hom as koringkorrel predik „wat sy lewe haat in hierdie wêreld, om dit te bewaar vir die ewige lewe" (12 : 25). *Die geheim van die lewe is om in gehoorsaamheid te sterwe.*

Johannes 13 verhaal die voetwassing as voorbeeld, voorskrif en voorreg vir en van die kerk en bring dit in verband met die einde, vgl. vers 1. Die finale *marturion* is slegs moontlik deur selfverloënende liefde van Jesus vir sy kerk en die mededeling daarvan aan hulle (13 : 17) waarvan die daad 'n bewys is net soos sy dood 'n bewys is van sy hele prediking.

Daar is ook 'n getuienis van medelyde in Jesus se *marturion* (Joh. 11 : 35) van Jesus met ons, en van ons met Hom (Joh. 15 : 20).

Sy *marturion* kom in hierdie tyd ook in gelykenisse waarin die priesterlike op die voorgrond tree (dié van die Barmhartige Samaritaan).

Jesus se kruisprediking bevat 'n merkwaardige samevatting van sy hele prediking en die krisis wat daaruit te voorskyn kom. Hy spreek eers tot die soldate (Luk. 23 : 33, 34), d.w.s. Hy reken af

met die volk en die owerstes waarvan die soldate slegs die verpersoonliking was. Hulle het Hom nie geglo nie en Hom gedood. Daarna spreek Hy tot die wat Hom gehoorsaam gevolg het en deur die tweede krisis gegaan het, nl. sy moeder en Johannes (Joh. 19 : 25, 26). Hy het geweet dat alles volbring was (vers 28), ook sy prediking tot sy kerk waarvan die een medekruiseling 'n voorbeeld is van dié wat die lyde van die kruis aanvaar, nl. die laaste krisis met Hom deurmaak. Hy gee self getuienis aan sy kruis en bid dat Jesus deur sy kruis aan Hom deelgenootskap mag gee in die koninkryk (Luk. 23 : 43).

## 5. Die inhoud van die apostoliese marturion in opvolging van Jesus

Hulle is getuies *martures)* van „alles wat Hy gedoen het in die Joodse land en in Jerusalem. En hulle het Hom omgebring deur Hom aan 'n kruishout op te hang" (Hand. 10 : 39, vgl. 42 — ook Hand. 2 : 23, 24).

Hierdie direkte uitspraak van Petrus i.v.m. sy getuienis aangaande die lyde en opstanding van Christus (en wat deur die Heilige Gees bestem word tot opbou van Cornelius en sy huis (Hand. 10 : 2, 22, 31)) staan nie los van die prediking van die boek Handelinge nie maar volg op die steniging van Stefanus as die eerste martelaar (Hand. 8 : 1, vgl. hfst. 4 en 5 en 9 : 20 v.v.). Die getuienis van Petrus aangaande die lyde en opstanding van Christus loop telkens uit op 'n krisis waarin sommige van die hoorders woedend word, welke krisis weer uitloop op 'n daadwerklike lyde deur die apostels a.g.v. hulle gehoorsaamheid aan Christus.[36]

In Rom. 6 gebruik Paulus sy uiteensetting van die lyde van Christus as voorbeeld vir die gemeente om „ook so" die sonde af te sterf (vs. 4: „Sodat net soos... ons ook so), en „in 'n nuwe lewe te wandel", welke nuwe lewenswandel hy direk verbind aan die heiligmaking (vers 19).

In Rom. 8 : 16 en 17 keer die beeld van die erfgename (ware kinders dus) terug nadat ons dit in Hand. 20 : 32 direk verbind gesien het met die opbou van die kerk. Hier in Romeine verbind Paulus die beeld van die erfgename direk met die lyde van Christus en dan só dat dit 'n medelyde is met Christus wat as voorwaarde dien vir die verheerliking met Hom.

Die opbou is nie slegs die heiliging van die lewe in Christus nie maar ook 'n verheerliking van Christus in ons. Dit is die komponente van die ware deelgenootskap aan Christus wat Paulus in Rom. 8 : 17 noem: „mede-erfgename" van Christus. Kortom bestaan die volmaaktheid (volwassenheid, volkomenheid, volheid, vervulling met die Heilige Gees) in twee verbindinge: Christus in ons — ons in Christus.[37]

In 1 Kor. 3 betreur die apostel dit dat die gemeente nie vaste spyse kan gebruik nie vanweë hulle vleeslikheid. In vers 9 gaan hy daartoe oor om te toon *dat* die gemeente 'n *gebou* is van God en *hoe* daar gebou moet word. Van belang is verse 13—15 waarin beproe-

wing van elke mens se werk (ook in die opbou van die kerk) deur lyde en vuur (gerig) in vooruitsig gestel word. As voorbeeld hiervan noem Paulus vir die gemeente sy eie lewe in lyde (4 : 11—16).

Die tweede brief aan die Korinthiërs is 'n belangrike voorbeeld van die opbouende prediking as 'n getuienis van die lyde van die apostel op gronde en ter wille van die lyde van Christus. Die groot motief is troos: vir homself (1 : 5); vir die gemeente (1 : 6, 7); as lyder t.w.v. die gemeente (2 : 4); as tema vir die onderrig van die gemeente in ware lyde tot opbou van die „hemelse huis" uit die „aardse tentwoning" (4 : 16—5 : 10); as afsondering tot heiligmaking en toenemende inwoning van God in sy tempel (6 : 11—18); as bewys van sy diensbaarheid in teenstelling met die valse apostels (11 : 23); as beproewing in die vorm van die „doring in die vlees", geskrywe met die uitsluitende doel dat dit tot „stigting" (stigting hier dan gesien as stigtelik in teenstelling met stigtend) moet dien.

Paulus gebruik die *marturion* van sy eie lyde nie slegs by die opbouende en voortgaande prediking nie maar ook by die kerygmatiese (Gal. 4 : 13). Ek noem dit om die afwesigheid van enige sweem van skematisme aan te toon. Omdat ons die Openbarings-historiese metode volg, het dit betekenis vir die prediking waarvan die eksegese die regte grondslag vorm.

Een van die duidelikste voorbeelde van Paulus se gemeente-opbou in die lig van sy lydensgetuienis as afsluiting van die voortgesette prediking is Ef. 3 : 13 en 14—21. Die mees onmiddellike rede waarom hy sy knieë voor die Vader buig, is om te bid „sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God" en dit motiveer hyself met die woorde: „dat julle nie moedeloos word by my verdrukkinge t.w.v. julle nie".

In Ef. 4 (die groot voorbeeld van gemeente-opbou) bring Paulus die gemeenteopbou in sy prediking van Jesus se lyde en opstanding direk in verband met die „volheid" waartoe die verhoogde Christus alles wil bring (verse 10, 11). Die gemeente kan nie „toegerus word tot opbouing (vers 12) nie „as hulle nie opgroei in Hom wat die Hoof is, nl. Christus" (vers 15).[38]

Dit is onmoontlik om die geskiedenis van die hele Nieu-Testamentiese Godsopenbaring, gesentreer om hierdie tema, in hierdie referaat weer te gee. Daarom sluit ek die afsluitende fase van die voortgesette prediking van die Here Jesus en die apostels af met die verwysing na die so hoogs belangrike Fil. 1 : 28—2 : 18. Om die gemeente nadoopspastoraal te versorg in die opbouende prediking m.b.t. die ware Christelike blydskap en Christelike troos, vertroosting van die liefde, gemeenskap van die Gees en innige tederheid en ontferming, verkondig Paulus dat die gemeente moet ly. Dit is 'n genade wat aan hulle bewys is dat hulle nie net in Christus mag glo nie (vers 29) maar dat hulle ook t.w.v. Hom mag ly, terwyl hulle hierdie stryd in apostoliese deelgenootskap besit (vers 30). Maar nie net in deelgenootskap aan die apostel nie. Die verklaring is dat hulle „dieselfde gesindheid moet hê wat ook in Christus Jesus was (2 : 5). Dit is een van ontleding. Hier het ons by die *kenosisleer* uitgekom.

Teenoor die ontledingstegniek staan die ontledingskarakter van die prediking. Ontlediging is 'n lydensweg. Dit beteken: aanvaarding en belydenis van 'n *marturion,* 'n lydensgetuienis in leer en lewe, om 'n lewende getuie te wees van wat jy geleer het.

Opbou deur ontleding was nie alleen vir die Jode 'n struikelblok en vir die Grieke 'n dwaasheid nie (1 Kor. 1 : 23) maar een van die dinge wat die kerk deur die eeue moeilik kon verwesenlik.

In teëstelling hiermee staan die apostoliese getuienis aangaande die lyde van „een wat dit geen roof geag het om aan God gelyk te wees nie, maar... die gestalte van 'n *dienskneg*..." aangeneem het. Sy almag en heerlikheid kom daarin uit dat hy was wat hy nie wou wees nie en prysgegee het ter wille van God se wil, al het Hyself anders gewil (Luk. 22 : 42), *en t.w.v. die verlossing en opbou van die ware volk van God.* Dit is die vervulling van die marturion van Deutero-Jesaja omtrent die lydende Kneg op wie die Gees van die Here was (Jes. 42 : 1).

Hierdie kenosis moet geken word (deur dit te beleef) deur die apostel (Fil. 3 : 8, 10—12) en deur die gemeente (4 : 2, 9), om tot ware blydskap te kom (4 : 4) en die vrede van God (te hê) wat alle verstand te bowe gaan (4 : 7, vgl. Ef. 3 : 19). *Dit is die „prediking*... nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, *maar in betoning van gees en krag,* sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God" (1 Kor. 2 : 4, 5).

*Die geheim van die prediking tot gemeente-opbou en in die nasorg van die gemeente is derhalwe* „om elke dag te sterf (1 Kor. 15 : 31) want soos die opbou van die gemeente rus op die opstanding van Christus, so rus die ware opstanding in 'n nuwe lewe op die sterwe" volgens die Skrifte (1 Kor. 15 : 1—3, 13—18).

### 5.3. *Gevolgtrekkings i.v.m. die Nieu-Testamentiese marturion*

Hierdie vorm van prediking kom sterk na vore ná die verwerping van die enger *kerygma* sowel as ná die *didaskalia,*[39] in die kruisaankondiging en -lyde.

Dit staan in die nouste verband met die lydensprediking van Jesus self; sy lyde as versoening en reiniging van ons sondes (Hebr. 1 : 3) en dan ook aan die gehoorsame gemeente wat so dieper ingelei word in die verborgenhede van sy lyde en dood as ontleding.

Hierin het die derde krisis hom openbaar toe Judas die marturion verwerp het, die *koinonia* verlaat het en geen *metogoi* (deelgenootskap) aan die kruis gekry het nie. Hy het geen *kléros* (erfdeel) met Christus nie, dus ook geen *kléronomia* nie en erf nie die ewige lewe nie (Rom. 8 : 17).

Hoe sterker die marturion tot die kerk kom, hoe sterker en duideliker die tug in die derde krisis werk (Hebr. 4 : 12). Dit is die bewys van die gehoorsaamheid van die gemeente, nl. as sy met haar Hoof saamly, net soos haar gehoorsaamheid 'n bewys is van haar geloof as sy haar Hoof navolg in die ware dissipelskap.

Die marturion van Jesus is die prediking van die Lydende

Kneg, en is 'n absolute voorwaarde vir die regte verstaan van sy verhoging en sy hemelse lewe as Hoë (verhoogde) priester na die orde van Melgisédek. Die kerk wat vreemd staan teenoor die lydensvraag staan vreemd teenoor die lewensvraag. Daar is geen erfgenaamskap volgens die hoop van die ewige lewe sonder die kennis van die gehoorsame lyde nie (Tit. 3 : 7; 1 Petr. 1 : 2 v.v.).

In die ernstige nalewing en -prediking van die *marturion* van Jesus en die apostels toon die kerk sy salwing met die Heilige Gees en die krag daarvan in die vervulling van die *sending* van die Lydende Kneg in die wêreld.

Dit is meteen 'n bewys van ons salige opstanding met Christus in hierdie lewe en 'n toeëiening van die lewe van Christus vir onsself.

Dit is die hoogste kwaliteit en volste prediking van die Bybelse waarhede deur die kerk omdat hy daarmee nie slegs getuienis van verlossing uit die slawerny van die sonde lewer nie, maar ook ingelei word in die land van die Belofte.

## 6. Samevattende gevolgtrekkings i.v.m. die prediking van Jesus en die apostels

Daar is duidelike voorbeelde in die prediking van die apostels wat ons toelaat om te spreek van verskillende vorme waarin die boodskap van die Evangelie van die koninkryk gebring is. Hierdie verskillende vorme van prediking rus op die voorbeeld van die prediking van Jesus self en is daarom gesagvol en gebiedend vir die kerk tot navolging.

Hierdie verskillende vorme van prediking van die apostels hou verband met die hele apostoliese werksaamheid in die uitvoering van die sendingbevel wat insluit sowel voor- as nadoopse werk, aangedui as „eerste" en „tweede" „stadia" en dan só dat die *kerygma* (in enger sin) hoofsaaklik saamval met die voordoopse, en die *didaskaliese* en *marturia* hoofsaaklik met die nadoopse werk. Die gevaar van vereniging sal spoedig blyk in verkeerde eksegese, asook onvermoë om die verband te laat spreek.

Hierdie verskillende vorme van prediking mag nie vereenselwig word met die verskillende stadia van die apostoliese optrede nie omdat dit soms temporeel, soms saaklik en soms ineengevleg voorkom. Daar is telkens terugkeer na die vorige of vooruitgrype na die volgende.

Die apostels (na die voorbeeld van Jesus) bring met hierdie wyse van prediking drie beslissinge (krises, of drieërlei gerig) teweeg in die wêreld. Ons kan dit ook aandui as wendinge waarvan die volgende telkens gebasseer is op die vorige. Die kerk moet weet dat hoe getrouer die prediking in elke vorm en op elke „stadium" gebring word, hoe raker en spoediger sy haar sending sal vervul.

Dit is nie die apostels wat die gerig teweeg bring nie maar die Heilige Gees wat die kerk in die hele waarheid lei. Dit is Christus wat handelend deur die Heilige Gees optree om „alles tot volheid te bring" (Ef. 4 : 11).

Op grond van die vorige kan ons sê dat die kerk, wat ooreen-

komstig eie willekeur en nie onder leiding van die Heilige Gees (ooreenkomstig die Skrif) optree nie, ook willekeurige, eensydige en sektariese wendinge veroorsaak en na metodes in die sendingwerk soek waar dit nie te vinde is nie. Dit is Christus wat gevolg of verwerp moet word in elke krisis, in elke persoonlike beslissing op die prediking, nie die sendeling of sy kerk nie. Daarom moet ons Christus verkondig en Hom as gekruisigde en „sittende aan die regterhand van die majesteit in die hoogte".

Terugkeer na vorige vorme van prediking is nog altyd nodig omdat die een of die ander rus en ons geen kategoriese denksisteme in die Skrif kry nie. Die onderskeiding daarvan mag slegs die herkenning en erkenning daarvan dien.

Ware gemeenteopbou veronderstel die doop as deelgenootskap aan die lyde van Christus, maar nie om daarby te bly staan nie. Daar moet noodwendig voortgang wees in die volmaaktheid, d.w.s. na die volheid van God wat uitkom in die lewe van Christus in ons. Soos by Christus en die apostels moet die lewe van die prediker aan sy leer vooraf gaan om met gesag vervul te wees (Matt. 23 : 3).

Soos Pinkster op Pase en Pase op die Kruis volg, so kom die toerusting van die kerk tot ware dienswerk deur die Heilige Gees wat in ons werk om ons die opstandingslewe van Christus te laat toeëien op grond van ons gehoorsaamheid aan Christus in sy lyde en sterwe.

## 7. Die praktiese betekenis van die vashou van die regte verband tussen die voor- en nadoopse prediking vir die sending en die jong kerke

Die diepste band tussen die sendeling, sy sendende kerk, sy intrede in die sendingterrein, sy prediking tot vergadering van die volk van God en dan ook sy groot aandeel in die instituering en opbou van die jong kerke, lê in die woord *diakonos.* Dit is voor alles *bediening,* en dan meer in besonder die bediening wat so nou verbonde is en bly aan die bediening van die Lydende Kneg in die wêreld, d.i. Jesus Christus, die Gestuurde Kneg van die Vader (Jes. 42 : 1 v.v.). Daarin gaan Jesus ons voor: Hy sluit aan by Johannes die Doper in nederige hulpdiens en openbaar Hom daarin as die vervulling van die profesie aangaande Israel (Jes. 40—66). Hy klee Hom in die gestalte van 'n dienende Kneg wat in sy navolging van Johannes uiting vind vir sy missionêre opdrag en neem in terme van die prediking van Johannes die sending van die Lydende Kneg op Hom (wat die Godsvolk vergader „op hierdie berg..." en „vir al die volke berei 'n maaltyd van vetspyse... En Hy sal op hierdie berg vernietig die uitgespreide sluier wat al die volke omsluier, en die omhulsel waarmee al die nasies bedek is..." (Jes. 25 : 6, 7, vergelyk verwysing 38 hierbo).

Waar die voor- en nadoopse fases in die sendingprediking nie openbarings-histories onderskei word nie, maar vanuit die eerste missionêr-kerygmatiese alleen gepreek word, word die eenheid van die kerk vanuit 'n buitegemeentelike (onbybelse) vlak en vanuit die

onopgeboude kerk benader. Ons verwys hier ook na Blauw[40] waar hy spreek van 'n „linking of mission and eschatology" waaruit ontstaan „A Theology of Mission" wat 'n „backtranslation (is) into old and theologically abandoned categories, if one were to vindicate the theology of mission as a seperate field of theology . . ."

Die implikasies van die loslaat van die verband tussen die kerygma (voordoops) en die didaskalia as nadoopse prediking het ook vir die kerk in sy binnegemeentelike prediking verreikende implikasies. Ons noem hier die voorbeeld van jarelange doopklasse waarin kategetiese vereistes gestel is met die oog op die doop en wat daarop neerkom dat al die heilsfeite eers geken *en* verstaan en daarna bely moet word voordat die sakrament van die doop bedien is. Hier is die kerygmatiese, die aankondigende aard van die prediking misgekyk en geloofsbeslissing ondergeskik gemaak aan byna akademiese vereistes. Miskien het ons hierin onbewus die werk van die Heilige Gees probeer doen en dan nog die Woord op so 'n wyse hanteer dat Hy Hom onmoontlik daarmee kon vereenselwig.[41]

Die implikasies van die loslating van die verband tussen die voor- en nadoopse prediking van Christus as Lydende maar ook Oorwinnende Kneg Gods strek so ver dat die kerk sy missionêre gerigtheid m.b.t. die koninkryk en sy uitbreiding in die wêreld kan verloor omdat die grondige motief van sy gerigtheid verlore gaan. Hier het ons 'n kerk wat die geheimenisse van die koninkryk aan eie lidmate nie kan ontvou nie, dus nie verder daarop kan bou nie en sodoende nie in gehoorsaamheid aan haar Sender kan leef nie. So 'n kerk is nie in staat om die Woord, d.i. die swaard van die Gees (Hebr. 4 : 12), te hanteer nie, minag die Heilige Gees as Toeruster en Bekwaammaker (Joh. 17) en gaan by gebrek aan profetiese insig in die wêreld op i.p.v. op die wêreld af.

So kom daar stagnasie in die kerk en word die kerk 'n slagoffer van die „conformity to the powers of this world . . . The Missions are in danger in the same way as the Churches . . ." [42] bedoelende dat „the church becomes just another society, a club for religious folklore".[43] „We are always tempted to identify our empirical human and therefore imperfect realisations to the empirical missions as they are . . . with . . . the Mission which is commanded to us".[44]

Die verlies van sy missionêre gerigtheid by versuim om sy bediening o.a. as voortgesette prediking tot opbou van die kerk op die fondament van die heilsfeite te sien, kan andersyds ook onvrugbare konfessionalisme, kerklike hiërargie en despotisme van die ampte meebring. Die koninkryk word hier met die kerk vereenselwig as die aardse manifestasie daarvan[45] en die heerskappy van Christus verloor vir so 'n kerk sy verband met die openbarings-historiese feite en die getroue uitleg daarvan binne die regte verband.

Die gevolge is gewoonlik wat hierbo beskryf is as konfessionalisme (plus dan) die oorheersing van die institutêre sy van die kerk. „So both the hiddeness and the tentativeness of Christ's domain are robbed of their reality and one loses sight of the fact that the form of this world is passing away" (1 Cor. 7 : 31).[46]

Waar die verband losgelaat word tussen die eerste (aanvank-

like) en voortgesette prediking as opbouende Woordbediening, kry ons die „Social Gospel" met sy vereensydigende vorm van prediking wat nie meer Bybelse Evangelieverkondiging is nie maar 'n „idealistic, social-ethical narrowing of the Kingdom of God". Blauw verwys na W. Freytag: Vom Sinn der Weltmission, E.M.M., 1950 teenoor A. A. van Ruler.[47] Hier is die gebroke verband verantwoordelik vir misverstand m.b.t. die voortgesette prediking as *opbouende* prediking en kom 'n nuwe wettisisme in sig.

## 8. Samevattend kan ons sê:

8.1. Die versuim om die regte (Bybelse) verband, soos dit in die verkondiging van die Nieu-Testamentiese Godsopenbaring tot ons kom, raak te sien, moet uitloop op 'n skeiding van kerk en sending waarby die eskatologiese in die sending dikwels verwar word met sektariese agitasie en oorhaastigheid.

8.2. Van die begin af dra die kerk van Christus 'n eskatologiese karakter op grond van die heilsfeite in hulle belofte en vervulling, die verkondiging daarvan en die onderrig daarin.

8.3. Die kerk is gestuur in die wêreld en kan en mag die sending van die Lydende Kneg nie verontagsaam nie, ongeag die prys wat daarvoor betaal mag word.

8.4. Sonder die opvolgende, voortgesette prediking, in direkte aansluiting by die heilsproklamasie wat die doop tot gevolg kan hê, kom daar op die sendingterrein 'n sinkretistiese sekte tot stand wat terugval in die heidendom.

8.5. In die getroue uitoefening van die Knegsending, wat nie bly staan by die bediening van melk (en nie vaste spyse, Hebr. 5 : 8—6 : 3) nie, word die eenheid van die sendende en jong kerk gewaarborg omdat dit wat vir die jong kerk stelselmatig (voortdurend) gegee word, dieselfde inhoud bevat as wat die sendende kerk geniet en verwerk.

8.6. Die waaragtige Woordbediening kweek diegene wat vergelyk kan word met 'n man wat sy huis op die rots gebou het: „En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots... En toe Jesus hierdie woorde geëindig het, was die skare verslae oor sy leer; want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerdes nie" (Matt. 7 : 24, 25, 28, 29).

Ds. P. C. Snyman (W.J.-sn.).

Pretoria — Annlin.

AANTEKENINGE:

1 O. Michel: Grunlagen des Denkens Jesu, E.M.M., 1953, pp. 35—3. Vertaald weergegee.

2 Invoeging van myself met die oog op die belangrikheid van die universele betekenis van die Nuwe Verbond in Jer. 31 : 31—34 (vgl. Luk. 1 : 32, 33).

3 Johannes Blauw: The Missionary Nature of the Church. A survey of the Biblical Theology of Mission, Lutterworth Press, London, 1962, p. 82.

4 Herman Ridderbos: Heilsgeschiedenis en Heilige Schrift van het Nieuwe Testament. (Het gezag van het Nieuwe Testament), Kok, Kampen, 1955, p. 111: Het kerygma staat of valt met de feitelijkheid van het *historische* gebeuren waarvan het de proclamatie is. Vgl. verder aan ook p. 112 van dieselfde werk.

J. H. Roberts: Die Opbou van die Kerk volgens die Efese-brief, Groningen, 1963, p. 191: „God acting in history on the basis of his eternal resolution, acting in Christ, the crucified and risen Anointed, has brought into existence the new time of salvation wherein He gathers his people in a new, universal form of Israel, whereto also the heathen belong by faith . ."

5 Blauw: a.w., pp. 83, 166 wys tereg daarop dat O. Michel (E.M.Z., 1941, pp. 261—262) afgereken het met die ouer, ongeldige besware teen die sendingbevel (veral aangaande Matt.) as synde nie ippissima verba van Jesus nie.

6 Blauw: a.w., p. 84.

H. du Plessis: 'n Banier van die volke, Pro Rege-Pers Bpk., 1963, p. 182, 183.

L. Floor: In dieselfde Spore ('n Ondersoek na die struktuur van die sendingwerk), „Die Evangelis", Potchefstroom, pp. 75, 89.

7 Ridderbos: a.w., p. 100.

8 Ridderbos: a.w., p. 102.

9 Ridderbos: a.w., p. 102.

10 Vgl. by Blauw: a.w., p. 84 in punt 6 hierbo.

11 Nadruk van my.

12 W. J. Snyman: Riglyne vir die Openbaringsgeskiedenis in die Nuwe Testament, in: Die Goue Kandelaar, Aug. 1962, p. 45.

13 L. Floor: a.w., p. 94.

14 Ridderbos: a.w., p. 102.

15 L. Floor: a.w., p. 53.

J. H. Bavinck: Christusprediking in de Volkerenwereld, inougurele rede by aanvaarding van sy professoraat in Sendingwetenskap in Kampen, Kampen, pp. 8, 9.

16 L. Floor: a.w., p. 53.

Hans Schârer: Die missionarische Verkündigung auf dem Missionsfield, Basler Missionsstudien Neue Folge Nr. 18, 1946, p. 56: Es geht in der missionarischen Verkündigung auch nicht um Verbesserung der etischen, sozialen und religösen Zustände, bzw. Misstände unter den nichtchristlichen Völkern. Nicht die Mission baut das Reich Gottes und nicht sie verbessert die Zustände, gerade das zagt die Heilige Schrift nicht, sondern sie hat die in Jesus Christus angebrochene und Wirklichkeit gewordene Königsherrschaft Gottes *auszurufen* und die Menschen aufzuforderen zum Gehorsam des Galubens. Nadrukke is van my.

17 J. C. Coetzee: Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament, Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom, 1965, pp. 15, 130—131.

18 Matth. 4 : 19.

19 Ridderbos: a.w., p. 104.

20 Sluit aan by vorige.

20a Vgl. soos by Voetius. By H. A. van Andel: De Zendingsleer van Gisbertus Voetius: Kok, Kampen, 1912, p. 149.

21 Vgl. W. J. Snyman: a.w., p. 45 i.v.m. C. H. Dodd: De Apostolische Prediking en haar Ontwikkelingsgang, Nijkerk, 8e druk 1956, Hodder & Stroughton Ltd., London, pp. 9, 12 en talle ander voorbeelde in hierdie werk.

22 P. C. Snyman: Prediking tot opbou van die Kerk (ongepubliseer), 1965, aangehaal deur V. E. d'Assonville: John Knox and the Institutes of Calvin. A few points of contact in their theology. Drakensberg Pers, 1968, pp. 73, 111. Die „nuwe" het nie gekom om die „oue" te vervang nie maar te vervul.

23 1 Kor. 15 : 13, 14.

24 Nils A. Dahl: Anamnesis, soos aangehaal deur Ridderbos: a.w., p. 134.

25 W. J. Snyman: Klasdiktaat Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament, Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom. Vgl. 22 hierbo. Daardie stuk het juis uitgegaan van 'n studie i.v.m. Hebr. 5 : 12—14; 6 : 1—3, v.v.

26 Ridderbos: De Komst van het Koninkrijk, Kok, Kampen, 1959, p. 249.

27 Matt. 5 : 3; Ps. 69 : 37; 103 : 17 (ook Ps. 16 : 5) en Joh. 4 : 10.

28 Matt. 7 : 17—21; 19 : 17, 29 en 30.

29 Matt. 4 : 20; 5 : 19; Mark. 7 : 9—14; Luk. 6 : 46—49 en Joh. 7 : 18, 19.

30 Mark. 4 : 13—20.

31 Mark. 1 : 13; Matt. 12 : 50; 16 : 24, 25; Joh. 4 : 34.

32 J. H. Roberts: a.w., pp. 189—194. Hierdie samevatting is van sleutelbetekenis vir die regte verstaan van ons onderwerp.

33 Die tweede krisis soos dit hom openbaar onder die volk.

34 Vgl. Mark. 12 : 7, 12 en Luk. 7 : 9—14.

35 'n Nuwe woord, nl. upomoné — volharding — tipeer nou die prediking as getuienis, teenoor kerryssein en didaskein. W. J. Snyman dui dit in sy klasdiktate i.v.m. die Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament (ongepubliseerd, Pro Rege-Pers Bpk., 1963) aan as Jesus se *afsluitende prediking* waarin die aktiewe en passiewe lyne van Jesus se vorige optredes saamtrek in sy „aktiewe-passie" tyd.

36 Ridderbos: a.w., pp. 116, 117 wys tereg daarop dat die begrip getuienis waarmee die Openbaring nou weergegee word ook 'n produktiewe betekenis het omdat die apostels oog- en oorgetuies was van hulle getuienis en so die pilare van die kerk vorm.

37 L. Floor: De Nieuwe Exodus. Representatie en Inkorporatie in het Nieuwe Testament. Proefskrif aan die P.U. vir C.H.O., Jan. 1969, pp. 41 e.v. en 168 e.v.

38 K. Barth: K.D. IV 3, pp. 874—875 en Blauw: a.w., pp. 108—109: The real congregation of Jesus Christ is the congregation which is, in and with its foundation, sent into the world by God. Just as such it is these for the world . . ."

H. du Plessis: a.w., p. 138, 161, 163—172.

John Bright: The Kingdom of God, Abingdon Press (MCMLIII). Israel se betekenis as Kneg van God, sê hy is dat hulle geroep is, in jare her, om die doel van God in die geskiedenis te dien . . . „But she must now be told, in the highest and the deepest, what it means to be the servant of God . . . We cannot but conclude that the prophet was given, by the inspiration of God, to gaze into the very mystery of the Godhead . . . Here we learn that it is Gods purpose to rule a worldwide Kingdom which men of all nations are invited to join in . . .", p. 149. G. Schrenk in TWNT I by ‚hierus' i.v.m 1 Petr. 2 : 9, 10: This is the hinge on which the door

turns that gives entrance to the treasures which are piled up in these names ... also that they are to be considered as a service of witness (in the sense of Ps. 61 6 cf. verse 9 for mankind).

39 Wanneer hierdie wending in die prediking in en aan die jong kerke in die genoemde verband gesien en verstaan word (eerstens deur die prediker), sal hy stellig bewaar bly van 'n „pre-hermeneutiek". Vgl. D. J. Bosch (Hermeneutika, N.G. Boekhandel, Pretoria, 1970, p. 235: „*Translatio* (nadruk van Bosch) het dus met letterlikheid niks te doen nie. 'n Dinamiese ekwivalent moet telkens gevind word; die spraak-gebeurtenis wat in die teks weergegee word, moet opnuut spraak-gebeurtenis in die hede word". Hy verwys hier na Nida: God's Word in Man's Language, New York (Harper), 1952. Dit kan alleen as ons prediking Skrifprediking bly soos Hy Hom oorspronklik openbaar (Hebr. 1 : 1).

40 Blauw: a.w., p. 117; vgl. pp. 120, 121.

41 Hierteenoor het die eerste formulering van 'n voordoopse verkondiging verskyn in 1964 onder die titel: *Maranga phanda a lutendo* m.b.t. die sendingwerk van die Geref. Kerk in Vendaland (Inleiding in die geloofsfeite), „Die Evangelis", Potchefstroom.

42 Blauw: a.w., p. 124. Vir besondere bestudering van hierdie probleem word die leser verwys na J. C. Hoekendijk: Kerk en Volk in die Duitse Zendingwetenskap.

43 Blauw: a.w., p. 124 ('n Uitdrukking juis van Hoekendijk).

44 Dieselfde werk: p. 124.

45 Dieselfde werk: p. 106.

46 Dieselfde werk, p. 106, 168.

47 Dieselfde werk: p. 106.